




Die Maand Wat Was


Januarie 2014 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Desember 2013

Langtermyn pj van 1900 tot einde 2012



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepalers van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendens (1900 tot 2012) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling aan aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling aan aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Desember 2013 - Die Maand Wat Was

Die JSE se opbrengs van meer as 21% die afgelope twaalf maande was besonder sterk, soveel te meer as mens kyk na die ekonomiese en politieke nuusstories wat in die media gedomineer het. Dit wys weereens dat daar 'n verskil is tussen die beweging en prestasie van beleggingsmarkte en wat die hooflyne in die koerante haal. Ons moet egter ook realisties wees oor hierdie buitengewone prestasie - die waarde van die Rand het oor die jaar met rondom 25% verswak. As ons dus na die prestasie van die JSE in Dollar-terme kyk, het die JSE in werklikheid bykans 5% verloor (volgens die MSCI indeks). Die les hieruit is om te sorg dat jou portefeulje behoorlik gediversifiseer is en pas by jou spesifieke behoeftes.

Alvorens ons die verswakking in die waarde van die Rand as 'n Suid-Afrikaanse probleem uitlig is dit belangrik om te onthou dat die verswakking inlyn was met wat gebeur het met ander opkomende markte se geldeenhede en dat dit baie meer gaan oor die versterking van die Dollar as die verswakking in die waarde van die Rand. Die beweging van die Rand die afgelope paar weke het egter meer van 'n Suid-Afrikaanse motief - ons sal moet vrede maak daarmee dat in die volgende paar weke politieke uitsprake suiwer gefokus gaan wees op die komende verkiesing en sal ons maar op ons tande moet byt wanneer politici hul monde oopmaak!

Het Beleggers in die Afgelope Paar Jaar se Goeie Opbrengste Gedeel?


Beleggingsmarkte het 'n besondere sterk 2013 beleef, om nie eers te praat van die afgelope 5 en 10 jaar nie! Behalwe vir kontant, het alle bateklasse en alle portefeuljes inflasie gemaklik geklop oor die 12 maande, 5 jaar en 10 jaar periodes!

Die vraag is of beleggers in hierdie prestasie gedeel het of is daar 'n verskil tussen die opbrengste wat beleggers verdien het en die opbrengste wat beleggings gelewer het? As daar so 'n verskil is tussen die opbrengste verdien (deur beleggers) en opbrengste gelewer (deur beleggings) is die vraag waarom dit so is en hoe gemaak om hierdie gaping kleiner te maak?

Die studieveld wat menslike gedrag t.o.v. beleggings bestudeer is gedragsfinansies (Behavioural Finance). Hierdie vakgebied het sterk na vore getree nadat die sielkundige, Professor Daniel Kahneman, die Nobelprys vir Ekonomie in 2002 verwerf het en ook nadat Yale se Professor Robert Shiller, verlede jaar vir sy werk oor gedragsfinansies, die mede-wenner van die Nobelprys vir Ekonomie was.

Dit is juis hier waar die verskil tussen opbrengste gelewer (deur die markte) en opbrengste verdien (deur beleggers) bestudeer word. Die term **gedragsboete** (behavioural gap) is deur die jare deur verskeie akademiese studies gemeet en ook probeer verklaar. Eenvoudig - beleggers maak emosionele besluite en juis as gevolg hiervan, verdien beleggers eenvoudig nie die opbrengste wat beleggings en markte bied nie. Ons koop of belê wanneer dinge goed gaan (betaal gewoonlik dan ook te duur vir bates) - in eiendom of 'n belang in 'n besigheid / aandele - en verkoop of onttrek ons beleggings wanneer dinge nie so goed lyk nie (juis wanneer bates goedkoop is).

Die grafiek hieronder wys wat die verskil tussen die prestasie van markte oor (uiters onsekere) 20 jaar tussen 1992 en 2011 in die VSA was. Die gemiddelde belegger (heel regs) het slegs 2.1% per jaar verdien terwyl beleggings en markte baie groter opbrengste gelewer het (kommersiële eiendom 10.9%, olie 8.6% en aandele 7.8% per jaar). Die jammerte is dat die gemiddelde belegger se 2.1% per jaar opbrengs nie eers residensiële eiendom of inflasie se 2.5% per jaar kon klop nie.



Hoewel hierdie VSA syfers is, meen ek dat Suid-Afrikaanse beleggers (dalk nog tot 'n veel groter mate) ook hierdie **gedragsboete** betaal het – eenvoudig belê ons waarneer daar net goeie nuus is (betaal te duur!) en verkoop wanneer daar slegte nuus is (teen lae pryse!) of, ons wil ons geld buiteland toe neem as die Rand reeds verswak het en wil dit terugbring wanneer die Rand reeds weer versterk het!

Die vraag is wat beleggers kan doen om hierdie **gedragsboete** te probeer vermy. Die vertrekpunt is om te sorg dat jou beleggingsportefeulje pas by jou eie risikotoleransie profiel - anders gaan jy dinge doen wat jy nie moet doen nie, onthou: benoude katte maak benoude spronge!

Vermy die gedragsboete – doen jou risikotoleransie profiel by www.smartrand.co.za.

Julle is welkom om jul eie finansiële risikotoleransie ontleding te doen deur na die www.smartrand.co.za bladsy te gaan en die vrae te beantwoord – jy gaan 'n ontleding van jou persoonlike risikotoleransie profiel ontvang wat kan help dat jou beleggings beter by jou risikotoleransie profiel pas!

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER** 

**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus**

Die volgende **Sakegesprek** reeks word beplan vanaf **April 2014** en strek weer oor 13 weke. Soos met die afgelope 52 episodes, gaan Theo poog om met vooraanstaande sakeleiers te gesels oor hul loopbane, suksesse en leierskap. Ons gaan in hierdie reeks die net bietjie wyer gooi en ook praat met mense wat in ander velde suksesvol is, maar tog ook waardevolle lesse het wat ons elkeen in ons eie loopbane en besighede kan toepas. Kontak my gerus as julle enige voorstelle het van persone met wie ek onderhoude kan voer?

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.